Historiese Agtergrond

Die ontdekking van die weskus van Afrika tot in die omgewing van Sierra Leone was die lewenswerk van die Portuguese koning João I se derde seun, Infante Dom Henrique. Hy het later bekend gestaan as prins Hendrik die Seevaarder. Eers weer tydens die regeringstydperk van koning João II het die ondekkingstogte na die Ooste momentum gekry. Hy het in 1481 die troon bestyg.

In 1482 het koning João Ii vir Diogo Cão met twee skepe gestuur om die weskus van Afrika te verken en te karteer. Tydens sy tweede reis het Cão gevorder tot by wat vandag bekend staan as Kaap Kruis. Aangesien die seeweg na die Ooste nog nie ontdek was nie, is 'n volgende ekspedisie onder leiding van Bartolomeu Dias uitgestuur. Hy het Lissabon in Augustus 1487 met twee karvele en 'n voorradeskip verlaat. Dias het al langs die kus van Afrika af gevaar en sy voorradeskip agtergelaat in 'n baai – dit was waarskynlik Baia dos Tigres langs die kus van die huidige Angola. Hy het verby Cão se padrão by Kaap Kruis gevaar. Met die Matsikamma-berge, die noordelike uitloper van die Sederberge, in sig, het Dias vanweë die sterk suidewind die diepsee ingevaar. Toe hy later ooswaarts draai en nie land kon kry nie, het hy noord gedraai en eers weer land gesien by die monding van die huidige Gouritzrivier. In die proses het hy om die suidpunt van Afrika gevaar sonder om dit te besef. Hy het dit Rio dos Vaqueiros (Die Baai van die Veewagters) genoem. Verder ooswaarts het Dias in 'n beskutte baai geland wat as Aquada de São Bras, die waterhaalplek van St. Blaize, bekend geword het. Dit is so genoem omdat die bemanning op 3 Februarie, die dag van die heilige, Saint Blaize, vars water hier ingeskep het. Hierdie baai sou vir meer as 'n eeu lank die enigste hawe van betekenis vir die Portugese langs die Suid-Afrikaanse kus wees. Die Hollanders het later die baai se naam na Mosselbaai verander.

Die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie het teen die middel van die sewentiende eeu besluit om 'n verversingspos aan die Kaap tot stand te bring. Na 1784 het die Politieke Raad besluit om ook 'n VOC-pos by Mosselbaai te vestig. Aan die einde van die 18de eeu het daar reeds 'n kleinerige nedersetting rondom die Kompanjiespos ontwikkel en in 1852 het die dorp munisipale status ontvang.

1. Graanskuur

Die Graanskuur is in 1786 deur die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie gebou. Dit het die uitbreiding van die graan- en wolbedryf bevorder, want daar was nou bergplek beskikbaar vir graan, wol en ander landbouprodukte. In 1949-50 het die Suidwestelike Landboukoöperasie Beperk die bestaande graanskuur laat sloop en 'n groot pakhuis opgerig. Met die sloping van die pakhuis in 1986 is die oorspronklike fondamente van die 1786-gebou daar opgerig. Dit word tans gebruik as ontvangs- en inligtingsentrum vir die museumkompleks.

2. Die Maritieme Museum

Hierdie gebou is in 1901 opgerig en is eers as graanmeul en later as saagmeul gebruik. 'n Lewensgroot replica van Dias se karveel word hier uitgestal asook ander voorwerpe wat vroeë geskiedenis van die Portugese, Nederlandse en Engelse seevaarders uitbeeld.

3. Etnobotaniese Tuin En Brailleroete

Dit is 'n versameling plante wat natuurlik in die omgewing van Mosselbaai voorkom. Die plante is deur die San, Khoi en latere nedersetters gebruik vir skuiling, voedsel en medisyne, asook vir die doeleindes van bygeloof en toorkuns. Die brailleroete maak dit toeganklik vir gesiggestremdes. Besoekers kan ook aan die plante vat en daaraan ruik.

4. Posboom En 5. Kruis

In 1500 het Pedro de Ataide, op sy terugreis van die Ooste af, 'n belangrike brief in 'n skoen by 'n groot boom gelaat. Dit

Graanskuur

Maritieme Museum

Vir nadere besonderhede, kontak asseblief:

Departement van Kultuursake en Sport
Direktoraat Museums, Erfenis
en Geografiese Name
Tel: 021 483 5959 of
E-pos: Ceoheritage@westerncape.gov.za

www.westerncape.gov.za

Bekende ongeveer 500 jaar oue Poskantoorboom
Lewensgrootte replika van die Dias Karveel
Skulpmuseum & Akwarium
Kultuurmuseum
Etno-botaniese Tuin

Die hele jaar oop, behalwe Kersdag en Goeie Vrydag

Bedryfsure:

Maandag - Vrydag 09:00 - 16:45
Naweke & Openbare Vakansiedae 09:00 - 15:45
Tel: +27 (0)44 691 1067
Faks: +27 (0)44 691 1915
E-pos: info@diasmuseum.co.za

www.diasmuseum.co.za

Wes-Kaapse Regering

Kultuursake en Sport

Brailleroete

Etnobotaniese Tuin

Posboom

Munrohoek

was waarskynklik die melkhoutboom (Siderolxylon inerme) wat tot provinsiale erfenis verklaar is en alom bekend staan as die Posboom. In 1501 het João da Nova, op pad na Indië, die brief by die Posboom gevind. Op die manier het die eerste poskantoor ontstaan. In die brief is hy gewaarsku teen moontlike probleme by Calcutta. Uit dankbaarheid word 'n klipkerkie deur hom opgerig. Dit was dan ook die eerste gebou in Suid-Afrika wat vir Christelike aanbidding gebruik is. Die kruis staan waar die kerkie vermoedelik opgerig was.

Posstukke wat in die skoen onder die boom gepos word, kry 'n spesiale posboom-stempel.

6. Die Skulpmuseum (Shirley-Gebou)

Die gebou is in 1902 naby die Posboom opgerig as uitbreiding van die Ou Meul. Dit het later as die Shirley- gebou bekend gestaan. Die gebou se pilare van soliede hout skep 'n besonderse atmosfeer. Die museum huisves skulpuitstallings en beeld onder andere die gebruik van skulpe deur die mense uit. Seediere word ook in hul natuurlike habitat in akwariums aangehou.

7. Die Fontein

Die varswaterfontein is Aquda de Soão Bras (waterhaalplek van Sint Blaize) genoem. Hierdie fontein is reeds in 1512 deur Gaspar Correa, kroniekskrywer, beskryf en vloei vandag nog.

8. Munrohoek

Alexander Munro het in 1830 verlof gekry om robbe in die baai te jag. Dit is vermoedelik hy wat die huise by Munrobaai bebou het. Dit is nie meer die oorspronklike huisie nie maar rekonstruksies op die oorspronklike fondamente.

9. Moslemgrafte

Daar word vermoed dat een van hierdie grafte die van 'n belangrike Moslem is wat hier begrawe lê nadat hy ter see gesterf het. Dit dateer uit die 19de eeu en al die grafte wys na Mekka.

10. Die Padrão

Dit is 'n replica van 'n padrão (klipkruis) wat deur die Portugese regering in 1968 geskenk is.

11. Veldtuin

Die laagte en strand langs die museum kompleks staan bekend as Munrobaai. Die Mosselbaai-omgewing se natuurlike plantegroei kom hier voor. Melkhoutbome, wat 'n beskermde spesie is, is algemeen. Hiervandaan is daar 'n pragtige uitsig oor die terrein en baai waar Dias meer as 500 jaar gelede geland het.

Wes-Kaapse Regering

Kultuursake en Sport

Bartolomeu Dias Museum

Die plek waar kultuur en natuur ontmoet!